

Maandag **26**

SKRIFGEDEELTE: GENESIS 4:25 – 5:8

FOKUSGEDEELTE: GENESIS 4:25

Set – God gee in sy genade ’n kind in Abel se plek

Ons sien in Genesis 4 die uitkringende en verderwende invloed van die sonde. Die verhouding van die mens tot God word aangetas – die mens kruip weg. Ook die verhouding tussen Adam en Eva, hulle slinger verwyte rond, selfs teenoor God. Die voortgang van die sonde bereik ’n laagtepunt wanneer Kain sy broer Abel doodsla. Dit is ’n oorwinning vir die duiwel, want hoe kan die Verlosser van die moederbelofte (3:15) dan uit Kain kom?

God is egter getrou. Eva gee geboorte aan ’n seuntjie en noem hom Set (plaasvervanger). Dit word aanvaar dat die naam van die werkwoord kom wat beteken “om iets in die plek van iets anders te stel”. Dieselfde woord word in ’n gedeelte soos Eksodus 21:34 gebruik, waar onder andere bepaal word dat ’n eienaar geldelik of andersins vergoed moet word deur die persoon wat die dood van sy bees of donkie veroorsaak het. Die naam Set is dus van ’n regsterm afgelei!

Set is daarmee ’n tipe van Christus. “Tipe” beteken afdruk of afbeelding van iets groter. God gee in sy genade in die plek van Abel vir Eva ’n seuntjie (Set) en herstel so die verbondslyn. Uit die nageslag van Set word die Verlosser gebore. Set se naam kom voor in die geslagsregister van Jesus in Lukas 3:38.

Soos God in sy genade Set in die plek van Abel gegee het, het Hy in sy groot genade sy eie Seun, Jesus Christus, in ons plek gegee. Hy het al ons sondes op Hom geneem en in ons plek in die beskuldigebank gaan staan. Hy word die Skuldige in ons plek, Hy stort sy kosbare bloed aan die kruis as volkome vergoeding vir al ons sondes en ons word vrygespreek en ontvang die ewige lewe. Dit bring ons tot dankbare aanroeping van die Naam van die Here.

Sing: Psalm 95:1, 4 (1936)

Ds. AL (Abri) Pelsers (Bethlehem)